



# **basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**LIMPOPO**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woorde ondersteep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1****TEKS A: KOERANTARTIKEL**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Phahameng in Theunissen</li> <li>• Phahameng</li> <li>• Theunissen (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy is 45 jaar oud.</li> <li>• Hy is nie 'n seun nie.</li> <li>• Hy is 'n grootmens/volwassene/(volwasse) man/oud.</li> <li>• Hy is 'n pa./Hy is getroud./Hy het al 'n vrou/Hy het kinders.. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• baie mense wens hulle het sulke karre gehad.</li> <li>• C baie mense wens hulle het sulke karre gehad. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uit die ongeluk ✓ het daar vir Seun iets goeds gekom.✓</li> <li>• Die ongeluk✓ het gemaak dat hy uiteindelik sy talent om karre te maak, uitgevind het.✓ (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><i>(Die kandidaat moet die "geluk" omskryf vir een punt en dan die ongeluk noem of sê wat die ongeluk was.)</i></p>	2
1.5	(Toyota) Hilux✓ Ford✓	2
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Seun se seuns (Sabatha, Sello en Lebohang) help hom (om die raamwerk te bou).</li> <li>• Seun se vrou (Elisa Lebona) help hom (met die die verfwerk).</li> <li>• Almal in Seun se gesin/familie help hom.</li> <li>• Dit is 'n familiebesigheid. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.7	Hy tel dit op/gebruik rommel. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.8	<p>Gereedskap:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Seun het nie die regte gereedskap gehad nie.</li> <li>• Seun het nie sy eie sveismasjien gehad nie.</li> <li>• Seun het net 'n tang gehad om sy draadkarre te maak.</li> <li>• Seun het gesukkel om net met 'n tang sy draadkarre aan mekaar te sit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>EN</p> <p>Afsetgebied – geen/onveilig</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Seun het nie 'n veilige plek gehad waar hy sy handewerk vir die publiek kon wys nie.</li> <li>• Seun het nie 'n veilige plek gehad waar hy sy handewerk kon verkoop nie.</li> <li>• Seun kon nie sy handewerk behoorlik bemark (wys en verkoop) nie.</li> <li>• Dit was onveilig om sy handewerk langs die pad te vertoon/verkoop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Diewe/Misdadigers.</li> <li>• Iemand kon hom langs die pad aanval.</li> <li>• Sy geld of handewerk kon afgevat/gesteel word.</li> <li>• Roekeloze bestuurders (kon hom raakgery het). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... goeie dinge vir ander mense doen.</li> <li>• A ... goeie dinge vir ander mense doen. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.11.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... het die draadkar wat hy by Seun gekoop het, op sosiale media gewys.</li> <li>• B ... het die draadkar wat hy by Seun gekoop het, op sosiale media gewys. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... het Seun se probleem met gereedskap raakgesien.</li> <li>• A ... het Seun se probleem met gereedskap raakgesien. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.11.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• ... het vir Seun met vervoer gehelp.</li> <li>• C ... het vir Seun met vervoer gehelp. (Enige EEN)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.11.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... het vir Seun gehelp om sy draadkarre by die skou uit te stal.</li> <li>• E ... het vir Seun gehelp om sy draadkarre by die skou uit te stal. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.12.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit het van Seun 'n goeie sakeman gemaak/Hy het sy eie bankrekening gehad.</li> </ul> <p>Dit het hom die geleentheid gegee om sy handewerk ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• te wys/bemark.✓</li> <li>• te verkoop/landwyd af te lewer.✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><i>Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.)</i></p>	2
1.13.1	<p>Party mense sal dink Seun is reg, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dis die gereedskapstuk wat vir hom geld inbring.</li> <li>• as daardie masjien breek, sit hy weer met dieselfde probleem as voorheen.</li> <li>• as hy die masjien uitleen, staan sy werk stil. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.13.2	<p>Party mense sal dink Seun is verkeerd, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• hy vergeet dat hy iemand anders se sweismasjien moesleen.</li> <li>• hy moet die goeie dinge wat ander vir hom gedoen het, met ander deel.</li> <li>• 'n mens behoort ander mense te help. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.14	(Toyota) Hilux	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy moet planne maak om jou situasie te verbeter.</li> <li>• Jy moet positief bly/iets doen.</li> <li>• Jy moet die beste van 'n slechte situasie maak.</li> <li>• Jy moet met jou talente woeker. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Facebook het tot Seun se sukses bygedra.</li> <li>• As dit nie vir Facebook was nie, het minder mense van Seun geweet./Facebook het vir Seun bekend/beroemd gemaak.</li> <li>• Facebook het vir Seun onder die aandag van sy waldoener(s) gebring.</li> <li>• Facebook het gehelp met die bemarking van Seun se handewerk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

**TEKS B: VISUELE TEKS**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17	suid	1
1.18	(In) Kaapstad	1
1.19	Pretoria	1
1.20	bewolk	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... mense te help om hulle aktiwiteite en kleredrag te beplan.</li> <li>• D ... mense te help om hulle aktiwiteite en kleredrag te beplan. (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die wind gaan (40 km/h) waai.</li> <li>• Dit gaan (gedeeltelik) bewolk wees./Die son gaan nie skyn nie.</li> <li>• Dit gaan nie baie warm wees nie/net 22 grade. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>		<b>30</b>

## AFDELING B: OPSOMMING

### NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**  
(Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**  
(Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

### LET WEL:

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**VRAAG 2: WEES VEILIG WANNEER DAAR DONDERWEER IS**

	<b>TEKS</b>	<b>VERWAGTE ANTWOORD</b>
<b>BINNE-IN DIE HUIS</b>		
1.	Onthou, dan moet jy dadelik uit die stort of bad klim.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie bad of stort (terwyl daar donderweer is) nie.</li> <li>• Klim dadelik uit die bad of stort.</li> </ul>
2.	Dit is verkeerd om voor 'n venster met oop gordyne te staan as dit buite blits en daar donderweer is.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie voor 'n oop venster staan nie.</li> <li>• Bly weg van 'n oop venster.</li> <li>• Maak die gordyne toe.</li> </ul>
3.	As dit buite blits en die weer dreun, moet jy nie besluit om iemand op jou landlyn te bel nie.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie bel as die weer swaar is nie.</li> <li>• Dis gevaaerlik om met 'n landlyn te bel (as die weer swaar is).</li> </ul>
4.	As die weer begin dreun, moet jy glad nie aan muur- of kragproppe raak nie.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie met muurproppe/kragproppe werk (as daar donderweer is) nie.</li> <li>• Bly weg van muurproppe/kragproppe.</li> </ul>
<b>BUITE DIE HUIS</b>		
5.	Dis waarom jy nooit onder 'n boom moet staan as daar weerlig is nie.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie onder 'n boom gaan staan (as daar weerlig is) nie.</li> <li>• Bly weg van bome (as die weerlig slaan).</li> </ul>
6.	Jy is veilig, solank jy net nie aan enige metaal binne-in die voertuig raak nie.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie aan metaal in 'n voertuig raak (as daar weerlig is) nie.</li> </ul>
7.	As jy en jou maats buite saam is en die weerlig slaan, moet julle ver van mekaar af staan.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie naby ander mense staan as die weerlig slaan nie.</li> <li>• Sprei uit as jy saam met 'n paar vriende buite is (en die weer swaar is).</li> </ul>
	<b>GETAL WOORDE = 202 WOORDE (± 200 WOORDE – Disjunktief)</b>	<b>GETAL WOORDE = 49 WOORDE (50 – 60/65 MAKSIMUM)</b>
<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>		

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENTIES****NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENTIES**

## 1. Spelling:

- Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
- By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	gelukkig	1
3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• Kom vier dit.</li> <li>• C Kom vier dit. (Enige EEN)</li> </ul>	1
3.3	Het jy daarvan gedroom? (Vraagteken moet daar wees om die punt te verdien)	1
3.4	nuutste	1
3.5	joune	1
3.6	<b>vriende</b> (Spelling word getoets, variasies aanvaarbaar)	1
3.7	piepklein	1
3.8	(Figuurlik). Dit beteken om te onthou wat jy hoor. (Die korrekte verduideliking verdien die punt)	1
3.9	gratis/kosteloos/pasella/mahala	1
3.10	vrolike	1
<b>TOTAAL:</b>		<b>10</b>

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	ontevrede	1
4.2	rustig	1
4.3.1	sarkasme	1
4.3.2	stereotipering	1
4.4	in	1
4.5	oorfone	1
4.6	Hulle dink hulle <b>ken</b> hulle werk.	1
4.7	Die worm sê dat hulle net wil speel.	1
4.8	slaag/deurkom	1
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• die matriekeksamen</li> <li>• C die matriekeksamen (Enige EEN)</li> </ul>	1
<b>TOTAAL:</b>		<b>10</b>

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Treinongeluk het vroeg in 2018 naby Kroonstad plaas- gevind.</li> <li>• Vroeg in 2018 het 'n treinongeluk naby Kroonstad plaas- gevind. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Evert en Mokoni het baie mense na veiligheid gehelp, <b>al</b> is hulle net twaalf jaar oud.</li> <li>• <b>Al</b> is hulle net twaalf jaar oud, het Evert en Mokoni baie mense na veiligheid gehelp.</li> <li>• <b>Al</b> is Evert en Mokoni net twaalf jaar oud, het hulle baie mense na veiligheid gehelp. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
5.1.3	Ma's/ma's	1
5.1.4	Hulle was ware helde.	1
5.1.5	Hulle behoort medaljes vir hulle dapperheid <b>te</b> kry.	1
5.1.6	Evert praat <b>Sotho</b> wat hy by die tuinman geleer het.	1
5.1.7	Mokoni se perd <b>is deur</b> 'n bakkie <b>getref</b> .	1
5.1.8	Hulle het Makoni hospitaal toe geneem <b>omdat</b> hy baie seergekry <b>het</b> .	1
5.1.9	<b>riviertjie</b>	1
5.1.10	plase	1
5.1.11	Soggens/soggens	1
5.1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek klim op die <b>leer</b>.</li> <li>• Ek het my baadjie wat van <b>leer</b> gemaak is, aan.</li> <li>• Daar is 'n <b>leer</b> in haar kous. <i>(Enige EEN – die betekenis mag net nie op "learn/teach" dui nie)</i></li> </ul>	1
5.1.13	Evert hou <b>nie</b> van die dorp <b>nie</b> .	1
5.1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Evert en Mokoni <b>sal</b> vir altyd vriende <b>bly</b>.</li> <li>• Evert en Mokoni <b>gaan</b> vir altyd vriende <b>bly</b>. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1

**VRAAG 5.2: PRENT**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	lug	1
5.2.2	reuk	1
5.2.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• klavier</li> <li>• piano</li> <li>• klawerbord (Enige EEN)</li> </ul>	1
5.2.4	erde	1
5.2.5	bril	1
5.2.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• uit(ge)mors</li> <li>• (ge)mors</li> <li>• (ge)stort</li> <li>• uit(ge)gooi (Enige EEN)</li> </ul>	1
<b>TOTAAL AFDELING C:</b>		<b>40</b>

**AFDELING D: LETTERKUNDE****BLADSAK – Lucas Malan****VRAAG 6****VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• ekstra kos</li> <li>• 'n trui</li> <li>• R15/drie vyfrandstukke/geld (Enige TWEE)</li> </ul>	2
6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het gewonder waarom hulle die museum gaan besoek.</li> <li>• Hy het daaraan gedink dat daar geen kultuурgoed in die museum gaan wees nie.</li> <li>• Hy het aan juffrou Selati se woorde geloop en dink. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.3	<p>potte/wapens/maskers (Enige EEN)</p>	1
6.4	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die familie kon trots op oupa Job wees/hom as held vereer.</li> <li>• Die familie kon so vir oupa Job beter leer ken.</li> <li>• Die familie kon meer respekteer vir oupa Job gehad het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Almal het van oupa Job se heldedaad gehoor.</li> <li>• Almal kon oupa Job as 'n held onthou.</li> <li>• Niemand sou hierna kon vergeet wie oupa Job was nie.</li> <li>• Almal kon oupa Job onthou omdat sy medaljes/koerantuitknipsels in die museum uitgestal is (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... het 'n bekende persoon in Suid Afrika se geskiedenis geword.</li> <li>• E het 'n bekende persoon in Suid Afrika se geskiedenis geword. (Enige EEN)</li> </ul>	1
6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... het baie in die museums geleer.</li> <li>• D het baie in die museums geleer. (Enige EEN)</li> </ul>	1

6.6.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... was verbaas dat museums nie eie aan Afrika was nie.</li> <li>• A was verbaas dat museums nie eie aan Afrika was nie. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.6.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• ... het die geskiedenis van die land goed geken.</li> <li>• C het die geskiedenis van die land goed geken. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.7	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het nie aan homself gedink toe hy die Duitse skip laat ontploff het nie.</li> <li>• Hy het gedink om die vyande te verslaan.</li> <li>• Hy het net daaraan gedink om sy makkers te red.</li> <li>• Hy het die skip laat ontploff. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
6.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oupa Job is op 'n Duitse skip in Tobruk aangehou.</li> <li>• Oupa Job het geweerkruit tussen die brandstofdromme gesit.</li> <li>• Hy het die geweerkruit met 'n lang tou aan die brand gesteek.</li> <li>• Oupa Job en sy makkers het van die skip afgespring.</li> </ul>	1 1 1 1
6.9	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek weet nou hoe belangrik dit is om ons kultuурgoed te bewaar.</li> <li>• Ek wonder nou hoeveel van ons kultuурgoed al verlore gegaan het.</li> <li>• Ek wil nou meer oor my voorvaders se dade uitvind. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek dink steeds dis nie belangrik om kultuурgoed te bewaar nie.</li> <li>• Ek stel steeds nie in kultuурgoed belang nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
6.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Wees trots op die goeie dinge wat jou familie gedoen het.</li> <li>• D Wees trots op die goeie dinge wat jou familie gedoen het. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• 'n ander kultuur ook waardevol kan wees.</li> <li>• A 'n ander kultuur ook waardevol kan wees. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.12	Simon	1

6.13	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die museum sal die kosbare medaljes bewaar/veilig hou.</li> <li>• Ander mense kan nou daaruit oor sy geskiedenis leer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dis te kosbaar om weg te gee.</li> <li>• Dit is net vir die familie bedoel/Dit is persoonlik/privaat. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
------	---	---

**EN****VERHAAL B: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.14	Kubu	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die mense het brieve van hulle familie ontvang.</li> <li>• Hulle het iemand gehad om hulle brieve te lees.</li> <li>• Daar was 'n boodskapper wat mense geroep het as daar nuus van buite was.</li> <li>• Daar was 'n spoorwegbus wat tot by Kubu gery het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
6.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die stem moes ver gehoor kon word.</li> <li>• Die stem moes suiwer/helder wees. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
6.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die vroue het opgehou kosmaak.</li> <li>• Die mans het by die krale stilgestaan.</li> <li>• Morobula het ophou timmer. <i>(Enige TWEE of soortgelyk as bogenoemde)</i></li> </ul>	2
6.18	bekommerd	1
6.19	<p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Morobula was die enigste een wat hulle kon help/kon lees en skryf.</li> <li>• Hulle het Morobula nodig gehad om met die buitewêreld te kommunikeer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1

6.20	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Molaeledi kon by hom sien hoe geletterdheid deure vir 'n mens oopmaak.</li> <li>• Molaeledi kon by hom sien hoe om aan 'n droom te werk.</li> <li>• Molaeledi kon by hom sien hoedat jy jou nie aan ander mense moet steur wat nie in jou drome deel nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde)</i></li> </ul>	1
6.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Molaeledi het saam met die kinders vir Morobula geterg.</li> <li>• Molaeledi het 'n gevoel gekry wat hy nie geken het nie.</li> <li>• Molaeledi het die kinders met 'n stok verjaag.</li> <li>• Molaeledi wou saam met Morobula weggaan.</li> </ul>	1 1 1 1
6.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• 'n ander tipe boodskap geroep.</li> <li>• C 'n ander tipe boodskap geroep. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.23.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• Die mense het gewonder of hy in Gauteng iets oorgekom het.</li> <li>• C Die mense het gewonder of hy in Gauteng iets oorgekom het. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.23.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Die mense het gewonder of hy dalk deur 'n olifant getrap is.</li> <li>• B Die mense het gewonder of hy dalk deur 'n olifant getrap is. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.23.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Die mense het gewonder of hy in die myne seergekry het.</li> <li>• D Die mense het gewonder of hy in die myne seergekry het. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.23.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Die mense het gewonder of hy die boodskap sou lees.</li> <li>• A Die mense het gewonder of hy die boodskap sou lees. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.24	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• 'n vergelyking.</li> <li>• D 'n vergelyking. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
6.25	<ul style="list-style-type: none"> <li>• As ek 'n talent ontvang het, moet ek dit gebruik.</li> <li>• Talente moet gebruik word om ander mense te help. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
6.26	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit lyk asof Molaeledi en Mokgadi van mekaar hou.</li> <li>• Dit lyk nie asof dit Molaeledi meer pla dat hy moet grootword nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
		[40]

**VRAAG 7: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

7.1	Wilma (Botes)	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het diere/klein katjies mishandel.</li> <li>• Hy het (sy ma se werkgewer se) klein katjies (in die dam) versuip/in die dam gegooi/doodgemaak.</li> <li>• Hy moes gemeenskapsdiens doen/dit was sy straf. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy wou nie sy selfoon wegsit nie.</li> <li>• Hy wou nie die stalle skoonmaak/die perdemis optel nie. M.a.w. hy het Wilma se opdragte geignoreer/geweier om haar opdragte uit te voer.</li> <li>• Hy het gevloek/lelike woorde/kru taal gebruik. M.a.w. hy het sonder respek/onbeskof teenoor Wilma/Bienkie opgetree.</li> <li>• Hy het 'n vloermoer gegooi toe hy nie sy sin kry nie. <i>(LW: Kandidaat mag enige TWEE van die spesifieke antwoorde met die kolkkarakters gee OF die twee samevattings onder m.a.w.)</i></li> </ul>	2
7.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky kom op die plaas aan.</li> <li>• Lucky en Wilma stry kort-kort.</li> <li>• Lucky leer sy les.</li> <li>• Lucky loop saam met die ander karakters in die rondte.</li> </ul>	1 1 1 1
7.5	<p>Binki bly by die ryskool omdat haar ma te besig is/haar pa oorsee (Australië) is.</p> <p><i>(LW: Kandidaat kan na ALBEI ouers verwys of net na een ouer om die punt te verdien.)</i></p>	1
7.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• dink hy kan regkom sonder dat iemand hom help.</li> <li>• D dink hy kan regkom sonder dat iemand hom help. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
7.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• vir die perde bang is.</li> <li>• C vir die perde bang is. <i>(Enige EEN)</i></li> </ul>	1
7.8.1	negatief	1
7.8.2	diere	1
7.9.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wilma het probeer om Lucky te laat tuis voel/op sy gemak voel.</li> <li>• Wilma het probeer vriendelik wees. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1

7.9.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy bedoel eintlik hy stel nie belang in wie Wilma of die perde is nie.</li> <li>• Hy bedoel hy dink nie dit wat Wilma gesê het was belangrik of spesiaal nie.</li> <li>• Hy bedoel hy verstaan nie waarom dit vir Wilma nodig is om haarself of die perde voor te stel nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
7.10	Hy wou wys hoe verveeld hy was met/hoe min hy belanggestel het in wat om hom aangaan.	1
7.11	<p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit lyk asof hy net gaan doen wat hy wil.</li> <li>• Mense soos Lucky wil nie leer uit hul foute nie.</li> <li>• Hy het nie berou getoon nie. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> <p>OF</p> <p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het diere mishandel en as straf moet hy diere versorg. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
7.12	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wilma bepaal die reëls.</li> <li>• Lucky wou nie luister nie/het daarvoor gesoek/is gewaarsku.</li> <li>• Dit is 'n goeie straf.</li> <li>• Die selfoon het sy aandag afgelei. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dis nooit regverdig om iemand anders se besittings af te vat nie. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
7.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die gedeelte waar Lucky so lelik met Binki/Wilma is, maak my hartseer.</li> <li>• Die gedeelte oor wat Lucky met die katjies gedoen het, maak my hartseer.</li> <li>• Die gedeelte oor Binki se huis wat afgebrand het/hondjie wat doodgebrand het, maak my hartseer.</li> <li>• Die gedeelte waar ek lees dat Binki se ma/ouers nie regtig vir haar omgee nie, maak my hartseer.</li> <li>• Die gedeelte waar ek lees van Binki se brandwonde, maak my hartseer.</li> <li>• Die gedeelte oor Wilma en haar perd, Grace, maak my hartseer. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> <p><i>(Die kandidaat moet na 'n incident verwys wat werklik hartseer-emosies aandui.)</i></p>	1

7.14	<p>Binki.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy is hulpvaardig/ordentlik/vriendelik/saggeaard.</li> <li>• Ek sal haar graag wil laat goed voel oor haarself.</li> <li>• Ek voel so jammer vir haar en haar omstandighede.</li> <li>• My ouers is ook te besig vir my.</li> <li>• Ek voel ook selfbewus oor my lyf.</li> <li>• Ons omstandighede is so eners./Ek verstaan haar probleme. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Lucky.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek voel ook soms so oor my omstandighede./Ons sou kon saampraat oor ons omstandighede./Ek verstaan sy houding.</li> <li>• Ek sal hom graag wil help. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.15	"Wilma bly besig en draai weg van hom."	1
7.16.1	dronk	1
7.16.2	veld	1
7.16.3	gat	1
7.16.4	doodskiet	1
7.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky kon sien dat alle mense foute maak./Lucky kan raaksien dat hy nie die enigste mens is wat al ooit foute gemaak het nie.</li> <li>• Dit kon vir Lucky help om beter oor homself te voel.</li> <li>• Lucky kon beter besluite neem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.18.1	karakterontwikkeling	1
7.18.2	hoogtepunt	1
7.19.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• het vir Lucky van kleins af goeie maniere geleer.</li> <li>• C het vir Lucky van kleins af goeie maniere geleer. (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.19.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• het gehoop Lucky sou uiteindelik leer hoe om met diere, veral perde, te werk.</li> <li>• A het gehoop Lucky sou uiteindelik leer hoe om met diere, veral perde, te werk. (Enige EEN)</li> </ul>	1

7.19.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• het vir Lucky geleer dat perde regtig dwarsdeur jou kan kyk en weet wat jy dink.</li> <li>• E het vir Lucky geleer dat perde regtig dwarsdeur jou kan kyk en weet wat jy dink. (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.19.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• het Lucky se houding teenoor ryk kinders verander.</li> <li>• B het Lucky se houding teenoor ryk kinders verander. (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• "Kaizer druk sy neus teen Lucky se skouer en Lucky staan vas."</li> <li>• D "Kaizer druk sy neus teen Lucky se skouer en Lucky staan vas." (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.21.1	Aan die begin het Lucky vir Kaizer uitgedaag/geterg/ slegte goed vir hom gesê/sonder respek behandel. (Of soortgelyk aan bogenoemde) (Spesifieke voorbeeld uit drama word ook aanvaar.)	1
7.21.2	Nou toon hy respek/is hy spyt oor sy gedrag/wys hy hy is nie so grootmeneer nie/daag hy hom nie meer uit nie/is hy goed vir Kaizer. (Of soortgelyk aan bogenoemde) (Spesifieke voorbeeld uit drama word ook aanvaar.)	1
7.22	Wilma vertrou nie vir Lucky nie. Wilma weet dat Lucky diere mishandel./Wilma wonder dadelik of Lucky iets aan Kaizer gedoen het. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.23	Wilma is verbaas/geskok/glo nie wat sy hoor nie.	1
7.24	<p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky hou eintlik daarvan (om daar te werk).</li> <li>• Lucky het baie dinge geleer (deur daar te werk).</li> <li>• Lucky hou eintlik van die mense en die diere. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky werk net daar omdat dit sy straf is. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

7.25	Ja.	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky is uiteindelik wat sy naam sê: hy is gelukkig.</li> <li>• Lucky het vrede gevind.</li> <li>• Lucky het geleer om mense en diere te vertrou/te respekteer.</li> <li>• Lucky het van al sy vooroordele ontslae geraak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
	EN	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Binki is gelukkig.</li> <li>• Binki voel of sy nou deel is van 'n gesin.</li> <li>• Binki is nie meer bang vir alles nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
	OF	
	Nee.	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky moet steeds gemeenskapsdiens doen.</li> <li>• Lucky se gesin is steeds arm. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
	EN	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Binki se ouers gee steeds nie vir haar om nie.</li> <li>• Binki woon steeds by ander mense.</li> <li>• <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Kandidate mag JA antwoord vir een karakter en NEE vir ander karakter)</i></li> </ul>	1
		[40]

**TOTAAL AFDELING D:** 40  
**GROOTTOTAAL:** 120